CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

Des 2024 No. 119

# Canola kultivarevaluasie: Wes- en Suid-Kaap 2024

**PJA Lombard, L Smorenburg en J Strauss**

## Inleiding

Gedurende 2024 is daar by vyf lokaliteite in beide die Swartland en Suid-Kaap proewe aangeplant. Op Langgewens en Tygerhoek Navorsingsplase is twee saaidatumproewe, asook 'n *Elite*-proef aangeplant. Al die proewe in die 2024-seisoen in die Suid-Kaap is geoes. In die Swartland het die proewe by Eendekuil, Hopefield en Philadelphia skade opgedoen weens onderskeidelik snywurms, ystervarke en chemiese "drift". Daar is 'n totaal van 18 kultivars getoets. Die kultivars het bestaan uit drie konvensionele, agt Cl (Clearfield, Imasamoks-tolerant), vyf van die TT-groep (Triasien-tolerant) en daar is ook kombinasietipe kultivars ingesluit, wat oor beide die Cl- en TT-toleransie beskik (Defender CT en PY520 TC). In 2024 is vier nuwe kultivars getoets en alle kultivars was, soos die afgelope paar seisoene, basterkultivars.


## Klimaat

Die 2024-seisoen op Langgewens is gekenmerk deur 'n baie droë periode tot 2 Junie (Figuur 1). In Julie is byna 200% meer reënval as die langtermyn gemiddelde ontvang. Augustus het ook meer reën as die langtermyngemiddelde ontvang, hoewel net 10.2 mm meer, en September en Oktober was weer baie droog. Die enigste goeie reënval wat in September voorgekom het, was op 28-30 September (17.8mm). Die totale reënval gedurende die groeiseisoen vir 2024 was 360mm en dit was 30mm meer as die langtermyn gemiddelde. Die reënval teen einde September was van onskatbare waarde en het die opbrengs verhoog en potensiële oesdatum later geskuif.


Gedurende Julie was die gemiddelde maksimum temperatuur 2.6°C minder as die langtermyn gemiddelde. Dit word toegeskryf aan bewolkte weer weens die 19 dae wat reënval van ≥1 mm aangeteken is (**Figuur 2**). Hoewel die maksimum temperature van April tot Junie bogemiddeld was, was die minimum - en maksimum temperatuur sedert Julie laer as die langtermyn gemiddeld. Augustus en September is baie belangrike maande vir canola, aangesien dit die blom- en saadvulperiode is. Die tweede saaidatumproef op Langgewens het meer dae in 2024 geneem om

te begin blom en dit word toegeskryf aan die hoër temperature na plant, as wat by die 1ste aanplanting die geval was.

Die maksimum- en minimum temperatuur was laer as die langtermyn gemiddelde in Augustus en September, en het dus gelei tot die later oesdatum. Dit bevestig die belangrikheid van lae temperature tydens die saadvulperiode. 'n Langer groeiseisoen bevoordeel veral medium- tot stadige kultivars. Die bogemiddelde temperature tydens Oktober was nie gunstig vir laat aanplantings of vir laat kultivars nie. Die produsente in die Swartland het 'n ondergemiddelde oes gehad weens die nat Julie en droë einde van die seisoen.





**Figuur 1:** Maandelikse reënval vir 2024 en die langtermyn totaal (sedert 1964) by Langgewens.





**Figuur 2:** Die 2024 maandelikse minimum- en maksimum temperature sowel as die langtermyn temperature (sedert 1964), by Langgewens.

Op Tygerhoek, in die Suid-Kaap, was die reënval gedurende die 2024-groeiseisoen 86mm meer as die langtermyngemiddelde (314mm) (**Figuur 3**). Julie was die 4de natste aangetekende Julie in die geskiedenis met 102.6mm reënval. Met die uitsondering van Mei, wat onder gemiddelde reënval ontvang het, was die ander maande naby of beter as die langtermyn gemiddelde.




**Figuur 3:** Maandelikse reënval vir 2024 sowel as langtermyn totaal (sedert 1966) by Tygerhoek.

By Tygerhoek het bo-gemiddelde warm maksimum temperature (>2.5°C bokant die langtermyngemiddelde) tydens Mei voorgekom. Die minimum temperature tydens Julie tot September was ondergemiddeld. Die minimum- en maksimmum temperatuur was onderskeidelik <1°C en 1.6°C laer as die gemiddelde vir Julie. Die minimum temperatuur tydens Augustus en September was <1°C en 1.6°C laer as die langtermyn gemiddelde.




**Figuur 4:** Die 2024 maandelikse minimum- en maksimum temperature sowel as die langtermyn temperature (sedert 1964), by Tygerhoek.

**Resultate**

Die opbrengsresultate vir die Swartland is opgesom in **Tabel 1** en **Figuur 2**. Die Clearfield (Cl)- en Triasien tolerante (TT)kultivars se data is geskei van die konvensionele kultivars. Die CT- en TC-kultivars is by die TT-kultivars ingedeel. Die Swartlandproewe is gedurende die afgelope seisoen blootgestel aan baie nat omstandighede, hoofsaaklik gedurende Juliemaand. Min tot geen *Sclerotinia* is waargeneem in die kultivarproewe en in die kommersiële produksies in die Swartland nie. Die oesseisoen was laat in die Swartland, as gevolg van die laat aanvang van die seisoen (2 Julie) en die nat en koue seisoen.

**Swartland**

In die Swartland het die gemiddelde opbrengs per proef gewissel tussen 3273 kg $ha^{-1}$ (Langgewens 1ste saaidatum) en 2427 kg $ha^{-1}$ by die 2de saaidatum. Die proewe, met die uitsondering van Langgewens se 2de saaidatum het na 2 Junie begin ontkiem. Die tweede proef by Langgewens is in voldoende grondvog aangeplant op 13 Junie. Die konvensionele kultivar CC90014 (2988 kg $ha^{-1}$) het, soos in 2022 en 2023, gemiddeld die hoogste opbrengs gelewer, gevolg deur die kultivars Quartz (2925 kg $ha^{-1}$) en Diamond (2811 kg $ha^{-1}$). Die drie kultivars se opbrengste het nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie.

Agt Cl-kultivars is in 2024 getoets, PY421C Cl (3071 kg $ha^{-1}$) het soos in 2023 die hoogste opbrengs binne die groep gelewer (45Y95 se opbrengs ontbreek by Pools en is dus nie ingesluit vir die Swartland plasing nie). Die Cl-kultivar 45Y95 (langer groeier) het goeie opbrengs op Langgewens gelewer en het nie betekenisvol van die beste kultivars op Langgewens verskil nie. Die Cl-kultivar 44Y94 (3004 kg $ha^{-1}$) was die naasbeste, gevolg deur PY327C, Solstice Cl en Continuum Cl. Bogenoemde vier kultivars se opbrengs het nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie.


Die 2024-groeiseisoen het baie laat geëindig weens laat reënval en lae temperature gedurende September. Twee van die kultivars wat as vroeg geklassifiseer word, naamlik Diamond en Ceres Cl, kon moontlik soos in 2023 nie die verlengde groeiperiode ten volle benut nie. Die saadopbrengs van kultivars wat vir 'n langer periode groei word tydens lang groeiseisoene bevoordeel.

Binne die TT-groep, wat CT/TC-kultivars insluit, het Alpha TT, PY520 CT, Blazer TT en HyTTec Trifecta die hoogste opbrengste (onderskeidelik 2767 kg $ha^{-1}$, 2610 kg $ha^{-1}$, 2665 kg $ha^{-1}$ en 2512 kg $ha^{-1}$) gelewer. Die 4 kultivars het nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie. Die gemiddelde opbrengs van die TT-kultivars was 12% laer as die konvensionele- en Cl-kultivars terwyl dit onderskeidelik 13% en 18% laer was in 2023.

**Tabel 1:** Swartland opbrengs vir 2024 (kg ha$^{-1}$) (Plantdatum word bereken vanaf die eerste betekenisvolle reën op 2 Junie 2024

| | Langgewens 1 | | Langgewens 2 | | Pools | | Swartland | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Diamond** | 3255 | abcd | 2506 | abc | 2672 | cd | 2811 | bcdef |
| **Quartz** | 3525 | abc | 2491 | abc | 2760 | bc | 2925 | abcde |
| **CC90014** | 3294 | abcd | 2767 | a | 2902 | abc | 2988 | abcd |
| **Konv.-gem.** | **3358** | | **2588** | | **2778** | | **2908** | |
| **44Y94** | 3782 | a | 2617 | ab | 2614 | cd | 3004 | abc |
| **45Y95** | 3407 | abcd | 2763 | a | - | - | 3085 | a |
| **PY421C Cl** | 3782 | a | 2394 | abc | 3037 | ab | 3071 | ab |
| **Solstice Cl** | 3275 | abcd | 2337 | abc | 3167 | a | 2926 | abcde |
| **Ceres Cl** | 3057 | bcd | 2272 | bc | 2847 | bc | 2725 | efgh |
| **Continuum Cl** | 3189 | bcd | 2786 | a | 2867 | abc | 2947 | abcde |
| **Equinox Cl** | 3135 | bcd | 2277 | bc | 2812 | bc | 2741 | defg |
| **PY327C Cl** | 3616 | ab | 2499 | abc | 2769 | bc | 2961 | abcde |
| **Cl-gem** | **3405** | | **2493** | | **2873** | | **2933** | |
| **Alpha TT** | 3502 | abc | 2090 | c | 2707 | c | 2767 | cdefg |
| **Blazer TT** | 3145 | bcd | 2156 | c | 2394 | de | 2565 | fghi |
| **HyTTec Trophy** | 3056 | bcd | 2090 | c | 2285 | ef | 2477 | hi |
| **HyTTec Trifecta** | 2917 | d | 2445 | abc | 2175 | ef | 2512 | ghi |
| **PY429TT** | 2913 | d | 2277 | bc | 2134 | ef | 2441 | i |
| **Defender CT** | 3023 | cd | 2249 | bc | 2006 | f | 2426 | i |
| **PY520 TC** | 3046 | cd | 2678 | ab | 2106 | ef | 2610 | fghi |
| **TT-gem.** | **3086** | | **2284** | | **2258** | | **2543** | |
| **Gemiddeld** | **3266** | | **2402** | | **2586** | | **2762** | |
| **kbv** | 10.34 | | 11.33 | | 7.08 | | 9.92 | |
| **kv** | 561.67 | | 456.42 | | 306.71 | | 260.74 | |

Kultivars gemerk met dieselfde letter verskil nie betekenisvol van mekaar nie.




**Figuur 1:** Swartland opbrengste vir 2024 (kg ha$^{-1}$)

**Suid-Kaap**

In die Rûens (**Figuur 2** en **Tabel 2**) was die proefgemiddeldes by Klipdale die beste (4173 kg ha$^{-1}$), gevolg deur Riversdal en Roodebloem. Die gemiddelde proefopbrengs was 3274 kg ha$^{-1}$, teenoor 3204 kg ha$^{-1}$(2023), 2124 kg ha$^{-1}$ (2022) en 3271 kg ha$^{-1}$ in 2021.

Die Suid-Kaap het ook 'n nat en koue Julie, soos in die Swartland, gehad. Dit het 'n uitdaging met onkruidbeheer- en bemestingbestuur geskep, maar nogtans was die opbrengs baie goed. Die konvensionele kultivar CC90014 (3513 kg ha$^{-1}$) het die hoogste opbrengs binne die konvensionele groep gelewer. Quartz was 2$^{de}$ met 3472 kg ha$^{-1}$, gevolg deur Diamond. Daar was geen statisties betekenisvolle verskil tussen die drie kultivars nie.

Die CL-kultivar 44Y94 (3766 kg ha$^{-1}$) het die hoogste opbrengs binne die groep gelewer. Die Cl-kultivar PY327C Cl het die tweede hoogste opbrengs (3754 kg ha$^{-1}$) gelewer, gevolg deur PY421C CL (3701 kg ha$^{-1}$) en 45Y95 (3656 kg ha$^{-1}$). Bogenoemde vier kultivars het nie betekenisvol van mekaar verskil nie.

Soos in die Swartland, kon twee van die kultivars wat as vroeg geklassifiseer word, Diamond en Ceres Cl, moontlik nie die verlengde groeiperiode ten volle benut nie. Die opbrengs van kultivars wat vir langer periodes groei, word tydens sulke seisoene bevoordeel.


Die TT-kultivar HyTTec Trophy (3197 kg ha$^{-1}$), gevolg deur die kombinasiekultivar PY520 CT (3177 kg ha$^{-1}$) het die hoogste opbrengs binne die TT-groep gelewer. Hulle is gevolg deur die Alpha TT, Blazer TT en HyTTec Trifecta, almal bo 3031 kg ha$^{-1}$. Slegs Defender CT se opbrengs was statisties betekenisvol laer as HyTTec Trophy.

Die gemiddelde opbrengs van TT-kultivars was onderskeidelik 11% en 12% laer as die konvensionele- en Cl-kultivars. In 2023 was die verskil in die Suid-Kaap, onderskeidelik 8% en 17%. Die Cl-groep het meer kultivars met langer groeiseisoene as die konvensionele groep, met die gevolg dat die opbrengs deur die lang saadvulperiode in 2023 voordelig beïnvloed is.

**Tabel 2:** Suid-Kaap saadopbrengste vir 2024 (kg ha$^{-1}$)

| | Tygerhoek 1 22 April | | Tygerhoek 2 30 April | | Riversdal 23 April | | Klipdale 25 April | | Napier 25 April | | Roodebloem 2 Mei | | Suid-Kaap | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Diamond** | 3409 | abcd | 2850 | abc | 3399 | cdefg | 3999 | efg | 3213 | abcd | 3144.3 | cdef | 3336 | de |
| **Quartz** | 3390 | abcd | 3022 | ab | 3848 | abc | 4452 | bcde | 3007 | abcde | 3109.3 | cdef | 3472 | cd |
| **CC90014** | 3479 | abc | 2771 | abcd | 3771 | abcd | 4720 | abc | 2901 | bcde | 3436.7 | abcde | 3513 | bcd |
| Konv.-gem. | **3426** | | **2881** | | **3673** | | **4390** | | **3040** | | **3230** | | **3440** | |
| **44Y94** | 3229 | bcde | 2867 | abc | 4225 | a | 4988 | a | 3491 | a | 3797.7 | ab | 3766 | a |
| **45Y95** | 3887 | a | 3035 | a | 3704 | abcde | 4873 | ab | 3360 | abc | 3076.0 | cdef | 3656 | abc |
| **PY421C CL** | 3558 | ab | 2845 | abc | 4026 | ab | 4640 | abc | 3536 | a | 3597.7 | abc | 3701 | ab |
| **Solstice CL** | 2976 | bcdef | 2771 | abcd | 3619 | bcdef | 4483 | bcde | 2724 | de | 3458.3 | abcd | 3339 | de |
| **Ceres CL** | 2714 | ef | 2905 | abc | 2853 | gh | 3346 | h | 3096 | abcd | 3397.0 | abcde | 3035 | fg |
| **Continuum CL** | 3071 | bcde | 2492 | cde | 3632 | bcde | 4340 | cdef | 2733 | de | 2993.7 | def | 3144 | ef |
| **Equinox CL** | 3058 | bcde | 2503 | cde | 3156 | efgh | 4085 | defg | 2781 | de | 3229.7 | bcdef | 3135 | ef |
| **PY327C CL** | 3477 | abc | 3196 | a | 4074 | ab | 4412 | bcdef | 3427 | ab | 3939.3 | a | 3754 | ab |
| Cl-gem | **3246** | | **2827** | | **3661** | | **4396** | | **3144** | | **3436** | | **3441** | |
| **Alpha TT** | 3127 | bcde | 2595 | bcde | 3047 | fgh | 4496 | bcd | 2726 | de | 2684.0 | f | 3113 | f |
| **Blazer TT** | 3099 | bcde | 2408 | de | 3143 | efgh | 3939 | fg | 2740 | de | 3180.7 | cdef | 3085 | f |
| **HyTTec Trophy** | 2883 | cdef | 2529 | cde | 3264 | defg | 4273 | cdef | 3047 | abcde | 3188.3 | cdef | 3197 | ef |
| **HyTTec Trifecta** | 2809 | def. | 2231 | e | 3386 | cdefg | 4023 | defg | 2817 | cde | 2922.7 | def | 3032 | fg |
| **PY429TT** | 2419 | f | 2334 | e | 3270 | defg | 4430 | bcde | 2531 | e | 2966.0 | def | 2992 | fg |
| **Defender CT** | 2763 | ef | 2220 | e | 2595 | h | 3612 | gh | 2871 | bcde | 2863.0 | ef | 2821 | g |
| **PY520 TC** | 3170 | bcde | 2480 | cde | 3381 | cdefg | 4435 | bcde | 2812 | cde | 2783.0 | f | 3177 | ef |
| TT-gem. | **2896** | | **2400** | | **3155** | | **4173** | | **2792** | | **2941** | | **3059** | |
| Gemiddeld | **3093** | | **2640** | | **3440** | | **4298** | | **2990** | | **3220** | | **3274** | |
| **kbv** | 11.79 | | 9.81 | | 9.96 | | 6.64 | | 11.32 | | 10.91 | | 9.96 | |
| **kv** | 614.3 | | 434.4 | | 572. 7 | | 490.8 | | 561.7 | | 580.8 | | 216.3 | |

Kultivars gemerk met dieselfde letter verskil nie betekenisvol van mekaar nie.




**Figuur 2:** Suid-Kaap opbrengste vir 2024 (kg $ha^{-1}$)

**Gevolgtrekking**

Canola as gewas het in 2024 weereens sy aanpasbaarheid by plaaslike klimaatsomstandighede bewys. Die nat toestande kort na saaityd (Julie) in die Swartland was baie nadelig vir die onkruid- en plantvoedingbestuur. Die seisoen in die Swartland het laat begin en was baie nat en koud in die winter, opgevolg deur 'n droë Septembermaand. Baie aanplantings in die Swartland het nie goeie opbrengste gelewer nie, weens die uitdagings van die natuur.

**Kultivarkeuse en opsies vir 2025**

**PJA Lombard, L Smorenburg en J Strauss**

**Belangrik**: In die afgelope 2024 seisoen het ons gesien watter positiewe invloed klimaat op produksie kan hê in die Suid-Kaap. Dit staan in skrille kontras met die Swartland, waar die seisoen laat begin het en dit baie nat en koud was gedurende Julie, gevolg deur'n droë September. Dit is onmoontlik om voorsiening te maak vir sulke klimaatuiterstes. Nogtans is goed aangepaste kultivars noodsaaklik vir sukses.

**Die keuse van 'n kultivar berus altyd op 'n paar faktore, nl:**

1. **Beskikbaarheid van saad** (sien **punt 7**)

2. **Opbrengspotensiaal** (Sien **tabel 1** en **2**)

3. **Onkruidbestuur** (onkruidweerstand het tot gevolg dat veral TT-tipe kultivars oorweeg word en nou is TC & CT-tipe kultivars ook beskikbaar).
   **Belangrik:** kombinasietipe kultivars wat oor beide die Cl- en TT-toleransie beskik (CT of TC soos deur die maatskappye genoem word) se opbrengspotensiaal moet vergelyk word met die TT-tipe kultivars. Die TT-geen in canolaplante beïnvloed die opbrengs negatief en gevolglik is TT- se opbrengs gewoonlik laer as die van konvensionele en Cl-kultivars.

4. **Fisiologiese ontwikkelingstempo**: Die beginsel van "Horses for courses" geld hier. Kultivars met 'n langer groeiperiode moet verkieslik in areas geplant word wat langer koel en nat bly. Die 2023 en 2024 seisoene het die langer kultivars bevoordeel.

5. **Swartstamweerstand:** Wissel kultivars af na twee seisoene waar dieselfde kultivar geplant is en probeer weerstandsgene afwissel.

6. ***SCLEROTINIA* is teenwoordig in die saaigebiede van die Wes-Kaap (veral die Overberg/Suid-Kaap areas):** In 2024 is gevind dat die siekte wyd verspreid in die Overberg/Suid-Kaap areas voorgekom het. Anders as in 2023 was daar 'n lae tot geen siektedruk in die Swartland. **Kultivars wat vroeg blom kan meer blootgestel word aan *Sclerotinia* siektedruk.**

7. **Beskikbaarheid van saad:** Geen van bogenoemde besluite is moontlik, indien daar nie saad beskikbaar is nie. Al die risiko's verbonde aan plaassaad (teruggehoude saad) is baie hoog.

- **Opbrengsverlaging is een van die risiko's:** Op Langgewens in 2022 en 2023 was die gemiddelde **opbrengsverlaging 10 to13%** as plaassaad geplant is teenoor kommersiële saad. **Belangrik is dat die saad 'n swambespuiting op 5-blaarstadium gekry het.**

'n Opsomming van kultivareienskappe word in **Tabel 1** weergegee, terwyl die periode tot blom per kultivar in **Tabel 2** geïllustreer word. Inligting rakende Swartstamweerstandsgene is afkomstig van Australië. Die weerstandsindeks is ook van Australië en kan slegs as 'n riglyn dien, aangesien plaaslike omstandighede verskil van dié in Australië. Die plaaslike resultate sal in 'n volgende canolafokus verskyn.

In **Tabel 3 en 4** word die kultivars oor seisoene met mekaar vergelyk. Alle opbrengste is uitgedruk as persentasie van die proefgemiddelde. In die Swartland het die konvensionele kultivar, CC90014, die beste gevaar (+13%) oor die afgelope twee seisoene (**Tabel 3**). Diamond en Quartz het gemiddeld in 2023 en 2024 onderskeidelik 5% (Diamond) en 4% (Quartz) beter gevaar as die proefgemiddelde.

Vyf CI-kultivars was in 2023 en 2024 in die kultivarproewe getoets. Die kultivar PY421C CI het die hoogste opbrengs oor die afgelope twee seisoene gelewer, 13% hoër as die proefgemiddeld. Die kultivar 45Y95 het die 2de hoogste opbrengs gelewer met 12% meer as die proefgemiddeld, gevolg deur 44Y94 met 8%.

Die TT-kultivar PY520 TC was die beste TT-kultivar oor die afgelope twee seisoene in die Swartland (6% laer as die proefgemiddeld) gevolg deur HyTTec Trifecta. Die kultivar Alpha TT was 3de en Blazer TT 4de.

In die Suid-Kaap het die konvensionele kultivar Quartz die afgelope 2 jaar die beste opbrengs gehandhaaf (9% meer as die proefgemiddeld). CC90014 was die 2de beste kultivar, met 7% beter as die proefgemiddeld. Diamond was gemiddeld die 3de beste produseerder in die konvensionele groep vir die 2023 en 2024 seisoene.

Die kultivar 45Y95 het die hoogste opbrengs oor die afgelope twee seisoene gelewer, 18% hoër as die proefgemiddelde. Die kultivars 44Y94 en PY421C was onderskeidelik 16% en 11% beter.

Die kultivar PY520 TC was gemiddeld die beste TT-kultivar oor die afgelope twee seisoene in die Suid-Kaap (1% laer as die proefgemiddelde). Die kultivars HyTTec Trifecta en HyTTec Trophy was onderskeidelik 2de en 3de geplaas, met 'n opbrengs 3% en 4% laer (2023 & 2024).

**Tabel 1:** Opsomming van kultivar eienskappe: 2024

| Kultivar | Tipe | | 1ste jaar getoets | Groeiperiode dae tot blom Tygerh & Langg | Dae tot einde van blom (Langg) | Opbrengs Swartl. & Langgew[L]. 2023-24 | Opbrengs Rûens 2023-24 | Aus. Swartst. indeks | | | Weer-stands -groep | Pitvastheid |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Onbeh. | Saltro® ILeVo® | Upper. Canopy | | |
| Diamond | Konv | Agricol | 2015 | Vroeg | Vr | 105 | 98 | w-mw[24] | w[2023(si)] | mw[24] | ABF | mw-w* |
| Quartz | Konv | Agricol | 2018 | Med. vroeg | Mv | 104 | 109 | w-mw[24] | - | mw[24] | ABD | mw-w* |
| CC90014 | Konv | Advanta | 2022 | Med. vroeg | Mv | 113 | 107 | - | - | | ADFH | - |
| 44Y94 | CI | Pioneer | 2021 | Med. | M | 108 | 116 | w-mw[24] | w[2024(s)] | mw[24] | BC | 8[P] |
| 45Y95 | CI | Pioneer | 2022 | Laat | L | 112[L] | 118 | w-mw[24] | w[2024(s)] | mw[24] | C | 7[P] |
| PY421C CI | CI | Pioneer | 2023 | Med. vroeg | Mv | 113 | 111 | w-mw[24] | w[2024(s)] | mw[24] | A | 8[P] |
| Solstice CI | CI | Advanta | 2023 | Med. vroeg | Vr | 108 | 104 | w[24] | w[2024(s)] | w[24] | ADFH | 8[a] |
| Ceres CI | CI | Agricol | 2023 | Vroeg | Vr | 103 | 94 | w-mw[24] | - | - | AD | V* |
| Equinox CI | CI | Advanta | 2024 | Med. vroeg | Mv | 99[24] | 95[24] | w[23] | - | - | ADF | 8[a] |
| Continuum CI | CI | Advanta | 2024 | Med. vroeg | Vr | 107[24] | 95[24] | w[24] | w[2024 (s)] | w[24] | ADF | - |
| PY327C CI | CI | Pioneer | 2024 | Med. vroeg | Vr | 107[24] | 114[24] | - | - | - | - | 7[P] |
| Alpha TT | TT | Agricol | 2017 | Med. vroeg | Mv | 95 | 92 | mv-mw[18] | w[2018(j)] | - | BF | - |
| Blazer TT | TT | Advanta | 2021 | Med. vroeg | M | 92 | 92 | w-mw[24] | w[2024(s)] | mw[24] | ADF | 8[a] |
| HyTTec Trophy | TT | Agricol | 2022 | Med. vroeg | Mv | 93 | 96 | w[24] | w[2024(si)] | mw[24] | AD | V* |
| HyTTec Trifecta | TT | Agricol | 2022 | Med. | M | 94 | 97 | w[24] | w[2024(s)] | mw[24] | ABD | V* |
| PY429C TT | TT | Pioneer | 2024 | Medium | M | 91[24] | 91 | - | - | | - | 7[P] |
| HyTTec Velocity | TT | Agricol | Elite[23, 24] | Vroeg | Vr | 90[eLg&Th24] | 90[eLg& Th24] | mw[24] | - | mw[24] | AB | mv-v* |
| Enforcer CT | CT | Advanta | 2022 | Medium | M | 77[eLg&Th24] | 77[eLg&Th24] | w[24] | - | mw[24] | ADF | 8[a] |
| Defender CT | CT | Advanta | 2023 | Med. vroeg | M | 90 | 90 | w[24] | w[2024 (s)] | mw[24] | ADF | - |
| PY520 TC | TC | Pioneer | 2023 | Laat | L | 96 | 99 | mw[24] | w[2024(s)] | mw[24] | BC | 8[P] |

**Vr**=vroeg, **V-M**=vroeg tot medium, **M**=medium, **L**=laat. **[eLg&Th24]** = Elite Langgewens en Tygerhoek gemiddeld 2024. [P] = Pioneer Aust. Inligting, *= Nuseed Aust. Inligting, [a] = Advanta Austr. Inligting: LW elke maatskappy gebruik sy eie skaal om te evalueer.

Alle swartstam weerstand en eienskappe soos aangedui is afkomstig uit Australië, **w**=weerstand, **mw**=matige weerstand.

[P] = Pioneer Aust. Inligting, *= Nuseed Aust. Inligting, [a] = Advanta Austr. Inligting: LW elke maatskappy gebruik hul eie skaal om te evalueer.

**Tabel 2:** Kultivar ingedeel volgens spoed van ontwikkeling (indeling is gedoen volgens 2024 data op Langgewens en Tygerhoek)

# Canola kultivars 2024 (dae tot blom)

**Konvensioneel**
Grasbeheer met "Fops and Dims" onkruiddoder. Gevoelig vir SU's oordrag in die grond.

↓

**Vroeg:**
Diamond
CC91117

↓

**Medium vroeg:**
Quartz
**CC90014**

↓

**Medium:**

---

**CL (Clearfield)**
Ideaal vir die ondersaai met lusern. Imazamoks onkruiddoser is geregistreer op die kultivars.

↓

**Vroeg:**
**Ceres Cl**

↓

**Medium vroeg:**
**PY327C Cl, Continuum Cl, PY421C Cl, Solstice Cl, Equinox Cl**

↓

**Medium:**
44Y94,

↓

**Laat:**
45Y95

---

**TT (Triazine bestand)**
Verwagte opbrengs is 10% tot 20% minder as ander twee groepe.
Gevoelig vir SU- oordrag.
Simazine-, Atrazine- onkruiddoders is geregistreer vir gebruik.

↓

**Vroeg:**

↓

**Medium vroeg:**
Alpha TT, Blazer TT, HyTTec Trophy, ,
**Defender CT**

↓

**Medium:**
HyTTech Trifecta, **PY429TT**, Enforzer CT

↓

**Medium laat:**
**PY520 TC**

**Tabel 3:** Swartlandopbrengste uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeldes vir 2022 tot 2024

| | 2022 | 2023 | 2024* | 2024 Plasing | 2022-24 (3-jaar) | Plasing | 2023-24 (2-jaar) | Plasing |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Diamond | 112 | 107 | **102** | 3 | 107 | 2 | 105 | **2** |
| Quartz | 103 | 103 | **105** | 2 | 104 | 3 | 104 | 3 |
| Hyola 90014 | 117 | 116 | **109** | 1 | 114 | 1 | **113** | **1** |
| Konv. Gem. | 111 | 109 | **105** | | 108 | | 107 | |
| 44Y94 | 112 | 108 | **108** | 3 | 109 | 1 | 108 | 3 |
| 45Y95 | 98 | 113 | **109*** | 2 | 107 | 2 | **112** | **2** |
| PY421C Cl | | 115 | **110** | 1 | | | **113** | **1** |
| Solstice Cl | | 109 | **106** | 6 | | | 108 | 4 |
| Ceres Cl | | 107 | **99** | 8 | | | 103 | 5 |
| Continuum CL | | | **107** | 5 | | | | |
| Equinox CL | | | **99** | 7 | | | | |
| PY327C CL | | | **107** | 4 | | | | |
| Cl Gem. | 105 | 110 | **105** | | 108 | | 109 | |
| Alpha TT | 97 | 91 | **99** | 5 | 96 | 3 | **95** | **2** |
| Blazer TT | 95 | 91 | **92** | 6 | 93 | 4 | 92 | 6 |
| HyTTec Trophy | 103 | 96 | **89** | 3 | 96 | 1 | 93 | 4 |
| HyTTec Trifecta | 98 | 97 | **91** | 2 | 95 | 2 | 94 | 3 |
| PY429TT | | | **88** | 8 | | | | |
| Defender CT | | 93 | **87** | 4 | | | 90 | 5 |
| PY520 TC | | 97 | **95** | 1 | | | **96** | **1** |
| TT Gem. | 98 | 94 | **92** | | 95 | | 93 | |

**Gevolgtrekking**

Die groeiseisoenlengte is baie belangrik in die Wes-Kaap met ons kort groeiseisoene. Die afgelope twee seisoene was in baie areas later as normaal geoes. Sulke langer seisoene bevoordeel die langer groeiers. Gevolglik is die stabiliteit van opbrengs oor groeiseisoene en areas baie belangrik in die maak van 'n kultivarkeuse.

**Tabel 4:** Rûens opbrengste uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeldes vir 2022 tot 2024

| | 2022 | 2023 | 2024 | Plasing | 2022-24 (3-jaar) | Plasing | 2023-24 (2-jaar) | Plasing |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Diamond | 111 | 95 | **101** | 3 | 102 | 3 | 98 | 3 |
| Quartz | 106 | 113 | **105** | 2 | 108 | 2 | **109** | **1** |
| CC90014 | 116 | 108 | **107** | 1 | 110 | 1 | **107** | **2** |
| Konv. Gem. | 111 | 105 | **104** | | 107 | | 105 | |
| 44Y94 | 105 | 117 | **114** | 1 | 112 | 1 | **116** | **2** |
| 45Y95 | 100 | 124 | **111** | 4 | 112 | 2 | **118** | **1** |
| PY421C Cl | | 110 | **112** | 3 | | | 111 | 3 |
| Solstice Cl | | 107 | **101** | 5 | | | 104 | 4 |
| Ceres Cl | | 96 | **92** | 8 | | | 94 | 5 |
| Continuum CL | | | **95** | 6 | | | | |
| Equinox CL | | | **95** | 7 | | | | |
| PY327C CL | | | **114** | 2 | | | | |
| Cl Gem. | 102 | 111 | **105** | | 112 | | 109 | |
| Alpha TT | 103 | 90 | **95** | 3 | 96 | 1 | 92 | 4 |
| Blazer TT | 97 | 91 | **94** | 4 | 94 | 3 | 92 | 4 |
| HyTTec Trophy | 97 | 94 | **97** | 1 | 96 | 2 | 96 | 3 |
| HyTTec Trifecta | 87 | 101 | **92** | 5 | 93 | 4 | **97** | **2** |
| PY429TT | | | **91** | 6 | | | | |
| Defender CT | | 95 | **86** | 7 | | | 90 | 5 |
| PY520 TC | | 101 | **96** | 2 | | | **99** | **1** |
| TT Gem. | 96 | 95 | **93** | | 95 | | 93 | |

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION

**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Franco le Roux en J Paper
***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***
Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.